5 Mei 2019

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Handelinge 9:1-20

wat wil jy vandag **bereik?**

Jesus laat ons sien en verander ons "mission".

ons **storie:** waar is ons nou?)

As die lewe 'n speletjie was, wat sou die "mission" of doelwit van die speletjie wees??

Was jy, of iemand wat jy ken, al heeltemal oortuig van iets, net om later agter te kom jy was verkeerd? Wat was dit?

Hoe kan jy seker maak jy leef jou regte "mission"?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

lees **Hand. 9:1-20** saam as 'n groep.Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Vou kruisies van die "linte" van palmtakke. Daar is heelwat Youtube video's beskikbaar wat wys hoe dit gedoen kan word. Die kinders kan die kruisie huis toe neem of vir iemand anders gaan gee.



gesels dan oor die volgende saam

- Hoekom was Saulus op pad na Damaskus toe? Wat wou hy doen?
- Hoekom gaan Saulus nog steeds Damaskus toe nadat Hy Jesus ontmoet het?
- As jy die Christene in Damaskus was, wat sou jy gedoen het as jy hoor Saulus is op pad?
- Op watter twee maniere kon Saulus nou sien?
- Terwyl Stefanus gestenig is, het Saulus toegekyk. Wat het nou verander?

ons **nuwe storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Hoe verander Jesus hoe ons na die "mission" van die lewe kyk?

Saulus se doelwitte het heeltemal verander. Hoe verander die storie joune??

Hoe sal dit lyk as Jesus se volgelinge oortuig is van wat ons moet doen?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Vra God om jou te help met die "mission" van jou lewe.

Bid vir mekaar vir VISIE: om te kan sien wat God besig is om in jou lewe te doen.